14

JAARGANG 23 | 19 SEPTEMBER 2025

# VRY POS

KONINKRYKSTYD

*Erfenis*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Leon M Foot | Stéphan van der Watt | Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio Andries Gous | Juan du Toit | Daniël Andrew Santel Malan | Nioma Venter, NG Kerk Algemene Sinode | *Kerkbode* | *CLF* | *Engo Bybel-Media* | *Engo* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD EN LENTE

In Koninkrykstyd word ons herinner dat God se koninkryk reeds hier aan die werk is – soos 'n saad wat groei en lewe bring. Hierdie tyd nooi ons om self deel te wees van daardie groei en die tekens van God se koninkryk sigbaar te maak in liefde, geregtigheid en hoop. Erfenis herinner ons dat ons nie uit onsself leef nie, maar dat ons 'n ryk geloofstradisie en 'n hemelse erfenis in Christus ontvang het. As kinders van God en erfgename van sy koninkryk, word ons geroep om hierdie erfenis met dankbaarheid te bewaar én verder te dra, sodat die koninkryk kan bly groei in geslag na geslag.

## DAGBOEK DÍT

**Sendingkonferensie** - *Die eindes van die wêreld op my voorstoep*

NG Gemeente Pellissier | 20 Sept, 08:30 - 15:00 | 2 VBO-punte

## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS* hou vakansie! Die volgende uitgawe sal op **Vrydag 17 Oktober** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**ONDERSTEUNING** | Argief
**Jan Lubbe** | *Die Woord, 'n waterpas en die "gebaande weg" van Sybrand Strauss*

## ARTIKELS 05

05 | **BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Leon M Foot** | *Aanhalings*

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Hoekom wêreldsending?*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | RICD
**Mariëtte Odendaal** | *Daar is* altyd hoop en lig

08 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskille en ooreenkomste tussen Christelike sendingwerk en Islam se* dawa

09 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

10 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Ekumeniese Vennootskappe buite Suid-Afrika
**Mariëtte Odendaal** | *Ons San-medegelowiges in Tsumkwe, Namibië*

11 | **ALGEMEEN**
**Juan du Toit** | *Erfenisdag* - God se pragtige mosaïek

## MEDIATEEK 13

**Ronell Bezuidenhout** | *Al Psalmend – 65 Meditasies uit Die Bybel se Gebedeboek*

## UIT DIE FAKULTEIT 14

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Daniël Andrew** | *Nicaea 2025: Where to now for Visible Unity?*

## VERJAARSDAE 15

## EKOLOGIE 16

**Ekologie** | *Sorg vir Afrika*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 17

**17** | Dagboek van die Algemene Sekretaris
**18** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 19

## KERKBODE BROKKIES 21

## WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES/AFLOSLYS PREDIKANTENUUS 23

## 'N LAASTE GEDAGTE 24

**Santel Malan** | *'n Woordeskat vir Erfenisdag*

## KONTAK ONS 26



# Die Woord, 'n waterpas
## en die "gebaande weg" van Sybrand Strauss



**ONDERSTEUNING**
Voorsitter van die Argiefkomitee
*Ds Jan Lubbe*

GEES | RUS | LEEF

*"Liewe Jan,"* so begin die WhatsApp van 18 Mei, *"ek het nou groter duidelikheid oor die geskrifte en wil dit graag met jou deel. Hoofsaak is dat dit aan die Vrystaatse Kerkargief gegee word, ... dit beslaan maar net 'n gedeelte van my oorspronklike versameling ... my kosbare Bavinck en Berkouwer-boeke is na studente en ander ... Ek soek alles van biografiese-, kerkhistoriese- en teologiese belang vir jou uit ... Wil jy nie tog maar by ons langs kom nie? Ons altwee wil jou so graag sien ..."*

Dit was mos Paulus aan Timoteüs: "Doen jou bes om nog voor die winter te kom ..." (2 Timoteus 4:21). Ná 'n oproep of twee om dit te reël, stop ek die middag van 4 Augustus by die Aftree-oord in Parys. Hy wag vir my aan die bo-punt van die lang gang van die Versorgingsafdeling, broos en geboë, soos die vader van 'n verlore seun voel dit vir my half. Ons groet innig en drink koffie. Verneem na familie (ons is verlangs aangetroud).

Hy was óók die nuwe studenteleraar op Kovsies in my koshuisdae. Toe na Kampen, Nederland, om oor Klaas Schilder en die verbond te promoveer: "Alles of Niks." Toe "Professor", agter die lessenaar vir ons mondelinge in Dogmatiek en Etiek. Sy intreerede: "Op soek na die Dogmatiese Tradisie van die NG Kerk: Die Stellenbosse Lyn" (1993). Die verlies van 'n geliefde. Later die besoeke aan Vredefort en 'n oornag op die plaas. Nou gesels ons oor gesondheid, en die pad vorentoe. Walda is by, en dan gaan dit altyd ook oor musiek, die orrel en haar ouerhuis eens in Berg-en-Dal. Dra uiteindelik die vyf kartonne motor toe. Terug in Bloemfontein, na die Kerkargief. Binne vier dae laat weet Helena Smit, ons Argiefbeampte my opgewonde, dis klaar, ek moet kom kyk.

"Die Sybrand Strauss Persoonlike Versameling."

**Lees meer** »

Didasko
'n Lerende gemeenskap

# Mekka EN DIE KRUIS

## Wat lê tussenin?



'n Onderhoud met

**DR ENRICO CASALEGGIO**

*Vennote in Getuienis | Islam Getuienisaksie*

**23 SEPTEMBER** 2025

**19:00 - 21:00** NM

**Aanlyn** werkswinkel | zoom



2 VBO-PUNTE

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Uitvoerende Amptenaar
*Dr Leon M Foot*

# Aanhalings

Ek hou van aanhalings. Ek onthou van skooldae af dat 'n kort, kragtige boodskap my aangespreek het. Langenhoven se *As die kortpad die beste was sou die hoofpad daar geloop het*, sê soveel meer as die blote woorde.

Later op universiteit het my kamermaat 'n luukse boek met aanhalings gehad. Die titel was na aanleiding van Spreuke 25:11 *Goue appels op versierde silwerborde, so is 'n woord op sy tyd gespreek*. Ek onthou dat ek erg beïndruk was met die wysheid van vele denkers wat daarin opgeteken was. Ek het dan ook in my eerste jaar my eerste boek met aanhalings gekoop.

Sedertdien het dié soort boeke net bly vermeerder. Ek bly verstom oor sommige mense se woord-vaardigheid: digter, skrywers, filosowe, denkers. Soms is dit 'n mooi opsomming van 'n bepaalde situasie, soos die paleo-antropoloog Louis Leakey wat sê: *The fossils we find in Africa are like pages in a great book, telling us the story of how we became human*. Of die woorde van Pliny die Ouere se *ex Africa sempres aliquid novi* (Uit Afrika kom daar altyd iets nuuts).

Dikwels verwoord aanhalings bepaalde wyshede wat mense help om beter te lewe. En dis nie nuut nie. Die ou Grieke het reeds hieroor gedink: Sokrates het gesê 'n lewe wat nie ondersoek word nie, is nie werd om te lewe nie. Aristoteles se bydrae was: *It's the mark of an educated mind to be able to entertain a thought without accepting it*. En Plutarchus leer ons *The mind is not a vessel to be filled, but a fire to be kindled*. Ook die Sjinese het die waarde van onderrig in spreuke vervat: *Vra 'n vraag en jy is 'n dwaas vir drie minute – vra nie die vraag nie, en jy bly 'n dwaas vir altyd*.

In Spreuke word pertinent gesê *Dié spreuke is bedoel om mense wysheid te leer en hulle te onderrig sodat hulle sal weet wanneer iemand verstandig praat* (1:2). Iemand wat reeds wysheid verkry het (gewoonlik geleer deur onwyse optredes!) verwoord sy insig om ander te help om nie in dieselfde slaggate te trap nie. Agter elke spreuk is daar dus 'n groter prentjie om raak te sien. As Voltaire sê dat die perfekte die vyand van die goeie is, het hy waarskynlik al gesien hoe mense verlam word omdat hulle bang is hulle pogings is nie perfek nie. En Benjamin Franklin se *All men are created equal* kom juis uit 'n tyd toe mense dikwels nie so gesien is nie.

**Lees** meer »

***Foto:*** *Canva*



mission ミッション missie
JAPAN

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## Hoekom wêreldsending?

Die fokus van hierdie nuusflits is op hoekom elke plaaslike gemeente nie net vir selfbehoud bestaan nie, maar vir deelname aan God se wêreldwye gestuurdheid. Hierdie waarheid is verál relevant vir gemeentes wat hulle God-gegewe missie — nie net naby nie maar ook ver — moet herontdek en bevestig.

Hoekom is dit belangrik? Eerstens, wêreldsending is nie net iets op die buiterand van die sirkel van kerklike bedieninge wat aan 'spesialiste' oorgelaat word nie. Dit hoort in die kern van elke plaaslike gemeente, omdat dit die hart van God en die bestaansdoel van die kerk self verteenwoordig. Wêreldsending is nie iets wat sending-komitees of getuienis-aksie lede doen nie. Dis die kern van die kerk se DNA! Verder bied ons globale betrokkenheid vir ons die geleentheid om die diepte, diversiteit en skoonheid van mense en kulture in God se wêreld te waardeer, en om vir hulle tot seën te wees.

Miskien skakel jy af as jy dié tipe goed hoor. As dit die geval is wil ek jou uitnooi om weer 'n slag mooi te dink oor hoekom jy deel is van 'n plaaslike gemeente.



In **dié video** (ook hierbo) vertel ek meer. Kyk dit gerus en deel dit met die leiers in julle kerk. Laai die **PDF teks hier** af.

### Uit eie ervaring

As leraar van die NG Kerk, en voor dit as projekbestuurder by *Communitas*, het ek destyds die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes in die vroeë 2000's help vestig en uitbou. Die vennootskap het jare later die kerk se leierskap aangespoor tot 'n sterk missionale fokus (deur selfs die kerkorde hieroor te herformuleer). Ek dink dit was 'n baie konstruktiewe ontwikkeling.

**Lees** meer »



***Foto:*** *Verskaf*

**Foto:** *Petro Prinsloo, stigter en koördineerder van dié ondersteuningsgroep (verskaf)*



VENNOTE IN GETUIENIS
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# Daar is altyd hoop en lig

## Bethlehem se ondersteuningsgroep aan mense met middelafhanklikheid

'n Mens gebruik so maklik die woord 'ondersteuning', maar as dit beteken dat jy iemand uit die maalkolk van selfvernietiging kan help, kry dit 'n baie dieper en ryker betekenis.

Vennote in Getuienis, een van die NG Kerk Vrystaat se vyf bedieninge, se *Reformed Initiative for Community Development* (RICD) het juis dit ten doel – om lewensvatbare samewerkingsprojekte van NG Kerk-, VGK- en NGK in Afrika-gemeentes te ondersteun. Een van die projekte wat deur RICD via die NG Gemeente Bethlehem-Panorama in Bethlehem ondersteun word, is 'n groep persone in Bohlokong en Bakenpark in Bethlehem wat 'n stryd teen middelafhanklikheid het.

Ons het meer daaroor gaan uitvind by die stigter en koördineerder van dié ondersteuningsgroep, Petro Prinsloo.

Sy is 'n maatskaplike werker verbonde aan die Departement Korrektiewe Dienste.

**Petro, vertel ons meer oor die ontstaan van die ondersteuningsgroep en wat dit behels.**

"Die groep het op 16 Julie 2016 as deel van 'n ondersteuningsgroep van die ***Jericho Recovery Centre*** in Fouriesburg ontstaan en later na Potchefstroom verskuif. Ek is toe deur hulle personeel opgelei om die groep in Bethlehem te fasiliteer."

"Die ondersteuningsgroep het ontstaan nadat ek as maatskaplike werker van Korrektiewe Dienste die dringende noodsaak daarvan raakgesien het. Ek werk met persone op parool en het mettertyd besef dat die meeste oorsake van misdaad en geweldsmisdaad in mense se kinderdae-trauma en verslawing lê. Ek het ook besef dat verslawing gepaard gaan met baie leuens, manipulasie en ontkenning."

**Lees** meer »

# ISLAM

## Die verskille en ooreenkomste tussen Christelike sendingwerk en Islam se *dawa*

Die Christelike godsdiens is by uitstek ’n sending-georiënteerde godsdiens. Die kerk *doen* ook nie sending nie, dit *is* ’n sending. Die meeste ander godsdienste is nie na buite gerig nie. Islam is egter anders. Hulle het ’n baie sterk oortuiging om die hele wêreld vir Islam te wen. Hierdie uitwaartse beweging noem hulle *dawa*.

Islamitiese bronne, teologie en geskiedenis leer dat alle Moslems betrokke moet raak by Islamitiese uitreik of sending. *Dawa* beteken letterlik "oproep" of "uitnodiging"[1]. Bekering vind, volgens hulle, plaas wanneer 'n nie-Moslem die Islamitiese geloofsbelydenis (*shahada*) opsê. Moslems noem hierdie ’n “terugkeer” eerder as “bekering”, omdat hulle glo dat elke mens by geboorte 'n Moslem was, waarna sommige afgedwaal het en ander gelowe gevolg het.

Daar is ten minste twee baie belangrike verskille tussen Christelike sending en Islamitiese sending. Die eerste verskil is dat Christene tevrede is om sending as 'n tweerigting-proses te sien, met elke geloof wat die vryheid het om sy boodskap te verkondig en ander te probeer oortuig. Moslems sien *dawa* egter as 'n eenrigtingstraat. Hiervolgens het slegs Islam die reg om homself te propageer.

*[1] Sookhdeo, P.2014. Dawa. The Islamic Strategy for Reshaping The Modern World. Isaac Publishing: McLean VA*

---

*Hierdie reeks Islam-artikels het ’n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor die ooreenkomste en verskille tussen Christene en Moslems wat sendingwerk betref. Dit sluit ook ’n tabel in.*

Die ander sleutelverskil is dat *dawa* meer is as net die oproep aan 'n individu om Islam te aanvaar. Dit sluit ook in die “opdrag van wat goed is en die verbod op wat sleg is", beide in Islamitiese samelewings én in samelewings waar Moslems in die minderheid is. Dit beteken dat die oogmerke van *dawa* onder andere die vestiging van 'n Islamitiese staat insluit onder *sharia*-wetgewing en die oorheersing van nie-Moslem nasies. Dit gaan dus uiteindelik om die wêreld onder bevel te bring van die "goeie", wat dan Islam sou wees.

Hieronder is ’n tabel wat 'n vergelykende oorsig bied van Christelike sendingwerk en Islamitiese da’wah, insluitend definisies, skrifgrondslag, metodologieë, historiese konteks en doelwitte.

**Die verskille tussen die Christendom en Islam, Nr 3**

| Aspek | Christelike Sendingwerk | Islamitiese Da‘wah |
|---|---|---|
| Definisie | Die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus en die maak van dissipels van alle nasies. | Die uitnodiging aan ander om Islam te verstaan en Allah alleen te aanbid. |
| Skrifgrondslag | Matteus 28:19-20, Handelinge 1:8. Vroeë Christene het sendingwerk as 'n goddelike opdrag beskou, wat gelei het tot vinnige verspreiding in die Romeinse Ryk. | Koran 16:125, 3:104. Da'wah het begin met die oproep van die Profeet Mohammed in Mekka en is voortgesit deur kaliefs en geleerdes. |
| Primêre Doel | Verlossing deur geloof in Jesus Christus. | Onderwerping aan Allah en die nakoming van Islamitiese leerstellings. Vestiging van ‘n Islamitiese staat onder Sharia-wetgewing |
| Metodologie | Evangelisasie, prediking, humanitêre hulp, dissipelskap, kerkstigting. Gebruik deur sendelinge soos Paulus, en later deur sendinge wêreldwyd. | Dialoog, prediking, opvoeding, goeie karakter. Jihad (heilige oorlog) in sommige gevalle. Beoefen deur vroeë Moslems, Soefi-ordes en moderne Islamitiese organisasies. |

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

Ons groet julle in die Naam van ons Here Jesus Christus. Dit is vir ons 'n groot vreugde om te getuig van hoe die Here deur mense werk om te voorsien in die bediening van DEGNOS.

## Beskerming teen Malaria

Soos baie van julle weet, het malaria verlede jaar 'n groot aantal lewens in ons gemeenskappe geëis. Om voorbereid te wees vir die komende reënseisoen, het Tracey aansoek gedoen by die Sinode van die Wes-Kaap se Snymanfonds om muskietnette aan te skaf.

Ons is dankbaar dat 'n bedrag van N$25,000 aan ons bewillig is. Daarby het die vervaardigers, Mozi Nets in Grootfontein, vir ons 'n verdere afslag gegee. Daardeur is dit moontlik gemaak dat ons 85 muskietnette in ontvangs kon neem.

Hierdie nette word teen 'n gesubsidieerde prys van N$100 aan die gemeenskappe beskikbaar gestel (teenoor die standaardprys van N$300). Die inkomste uit die verkope sal weer gebruik word om nóg nette aan te koop, sodat die beskerming teen malaria verder uitgebrei kan word.

## Gemeente-ontwikkeling

Met groot dankbaarheid deel ons ook dat die Ferndale Foundation uit die Verenigde Koninkryk, deur die bemiddeling van Veritas College International, die werk en vervoerkoste van ds Isak Chameia en sy drywer, Jesaja, vir nog 'n jaar moontlik gemaak het. Hierdie ondersteuning gee lewe aan die kosbare bediening om die Luhebu-Noord-gemeente te begelei op hul pad na ware selfstandigheid.



***Foto:** Alex, Attie en Willem besig met die bou van die onderdak-parkering vir ons groot bus (verskaf)*

## Dank en getuienis

Ons loof die Here vir Sy getrouheid en vir die liggaam van Christus wat saamstaan en saamwerk. Dit is juis deur hierdie samewerking dat die Koninkryk van God sigbaar word hier in die verre Noord-ooste van Namibië. Baie dankie dat julle saam met ons bid, ondersteun en hoop bring!

## Het jy geweet?

DEGNOS staan vir Diens en Getuienis Noord-ooste Streek.

Ons missie: Om die Evangelie deur Woord en daad te verkondig in die 80,000 km² Noord-oostelike blok van Namibië – met die fokus op bediening aan die San-Boesman gemeenskappe.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
Ekumeniese Vennootskappe
*Mariëtte Odendaal*

*"Die hele uitreik na Tsumkwe het my geleer dat God nie vasgevang kan word nie; God is net soveel in 'n kerkgebou as wat Hy onder 'n boom in die dorre woestyn is. God is daar waar sy mense is, wie dit ookal is. Tsumkwe het my net weer die waarde van ons as gemeenskap van gelowiges laat besef. Alhoewel ons tale en kulture verskil, is ons almal met mekaar verbind deur ons verhouding met God."*

**Herlize Nel**
Teologiestudent
Kopanong-gemeente

# Ons San-medegelowiges in Tsumkwe, Namibië

Daar is min plekke waar jy die son so bloedrooi sal sien ondergaan as in die noord-oostelike gedeeltes van Namibië. Dit is ook in dié streek waar ons as medegelowiges al sedert 1961 sterk bande met ons San-broers en -susters begin smee het en danksy die werk van **DEGNOS** en die ondersteuning van Vennote in Getuienis, steeds onderhou.

DEGNOS, voorheen bekend as Boesmansending, staan vir Diens en Getuienis Noord-ooste Streek en word tans deur ds Andries Gous bestuur.

DEGNOS se wortels lê in die NG Kerk en word veral deur die sinodes van die Vrystaat en Wes-Kaapland ondersteun. Een van die Vrystaat-gemeentes wat by DEGNOS betrokke is, is die Heuwelsig-gemeente. Ons het meer oor hul uitreik vanjaar na Tsumkwe gaan uitvind by hul predikant, ds Craig Salzmann.

**Craig, baie mense dink dat alle San-mense in 'n woestyn bly, maar dis nie so nie. Vertel vir ons meer van die area waarheen julle vanjaar uitgereik het.**

"Graag. Ja-nee, daardie gedeelte van Namibië is beslis nie woestynwêreld nie, maar digte bosveld waar reuse-kremetartbome oral te sien is en wild vrylik rondloop. Ons het selfs olifante gesien!"

**Lees** meer »

***Foto:*** *Tsumkwe-uitreik, Vennote in Getuienis (verskaf)*



**ALGEMEEN**
Junior web- en grafiese ontwerper
*Juan du Toit*

# Erfenisdag
# God se pragtige mosaïek

Op Woensdag, 24 September 2025, vier ons weer Erfenisdag. Dit is 'n dag wat ons herinner aan die ryke verskeidenheid van mense, tale, gebruike en tradisies in Suid-Afrika. Vir baie beteken dit 'n braaivleisvuur, familiebyeenkomste of die aantrek van kleurryke kultuurdrag. Maar dit is ook 'n dag om dieper te dink oor wat erfenis werklik beteken.

## 'n Stukkie geskiedenis

Voor 1994 was 24 September bekend as Shaka-dag, ter herinnering aan die groot Zulu-koning Shaka Zulu, wat 'n belangrike rol in die vorming van die Zulu-nasie gespeel het. Ná 1994, met die totstandkoming van ons demokratiese Suid-Afrika, is die dag amptelik herdoop na Erfenisdag. Die doel was om dit 'n dag vir álle Suid-Afrikaners te maak – 'n tyd waar ons nie net een kultuur of tradisie vier nie, maar die uiteenlopende erfenisse van ons hele land. Vandag het dit gegroei tot 'n nasionale geleentheid waar almal se geskiedenis en tradisies erken en gevier word.

## Die Bybelse perspektief

Die Bybel sê in Psalm 139:13–14:

"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in my ma se skoot. Ek loof U, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskape; wat U gedoen het, vervul my met verwondering."

Hierdie woorde herinner ons daaraan dat elke mens uniek geskape is – met sy eie verhaal, agtergrond en identiteit.

**Foto:** *Canva*



My erfenis (en joune) is deel van hoe God ons elkeen gevorm het. Erfenis is nie net die kos wat ons eet of die liedere wat ons sing nie, maar ook die waardes, herinneringe en tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word.

## Die geskenk van verskeidenheid

In ons land sien ons daagliks hoe uiteenlopend mense kan wees. Soms bring dit spanning, maar ek glo dit is juis 'n geskenk van God. Die Bybel gee vir ons 'n pragtige beeld in Openbaring 7:9: 'n menigte uit elke nasie, stam, volk en taal wat saam die Here loof. Dit wys dat God nie eenvormigheid wou hê nie, maar 'n veelkleurige gemeenskap wat in Hom een word.

**Lees** meer »

NG Kerk
Vrystaat



**13-14**
**OKT** '25

**MOOIGENOEG**
KAMPTERREIN

**Maandag 10:00**
Sluit af **Dinsdag teen middagete**

# KONFERENSIE **RAMPONDERSTEUNING**

**Kom sluit by ons aan vir 'n konferensie oor Rampondersteuning, aangebied deur die NG Kerk Vrystaat se *Diens van Barmhartigheid* op Maandag 13 en Dinsdag 14 Oktober.**

Onder leiding van kundige sprekers wat aktief by rampbestuur betrokke is, sal ons die afgelope jaar se pad in oënskou neem en saam besin oor die volgende stappe vorentoe.


**Oornagverblyf by Mooigenoeg Kampterrein beskikbaar**
**Laat weet vooraf indien jy hiervan gebruik wil maak**

**BESPREEK teen 3 Oktober 2025 | sanet@ngkvs.co.za**

# AL PSALMEND

## 65 Meditasies uit Die Bybel se Gebedeboek

**Ronell** Bezuidenhout




### Ontdek die Geheim van 'n Welgeluksalige Lewe

Die Psalms is die hartklop van die Bybel – 'n tapisserie van menslike emosie, vol trane en lag, wanhoop en hoop, vrees en geloof. In *Al Psalmend – 65 Meditasies uit Die Bybel se Gebedeboek* neem Ronell Bezuidenhout die leser op 'n 65-dae-reis deur hierdie kragtige Bybelboek en wys hoe mens die hart van God en sy goedertierenheid kan raak sien.

*Al Psalmend* nooi die leser nie net uit om die Psalms te lees nie, maar ook om hulle te beleef; om oor elke psalm na te dink en hul eie gevoelens eerlik na God se hart te bring – van vreugde en woede tot hartseer en hoop. Mens ontdek hoe ware geluk ("welgeluksalig") nie 'n kortstondige gevoel is nie, maar 'n lewenspad geanker in God se oneindige goedertierenheid.

Hierdie boek leer hoe vertroue en standvastigheid in moeilike tye opgebou word, hoe vergifnis en genesing nuwe lewe bring, en hoe lof nie net 'n innerlike daad is nie, maar 'n getuienis wat ander na God se teenwoordigheid trek.

*Al Psalmend* is jou metgesel op 'n pelgrimsreis – 'n gids om hoop, liefde, eenheid en volharding te vind, en om die "heuning van die lewe" in God se teenwoordigheid te proe.

Ronell Bezuidenhout woon in Groot-Brakrivier en is die pastor van die Suidkaapse Evangelies-Lutherse-gemeente. Ronell se belangstelling in ikonografie en die woestynvaders vorm 'n ryk agtergrond vir haar insig-gewende meditasies. Deur haar groot aanlynbediening bereik sy daagliks meer as 40 000 mense, wat haar unieke stem en ervaring in hierdie boek besonder relevant en lewendig maak.

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

Postgraduate Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Nicaea 2025: Where to now for Visible Unity?

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Daniël Andrew**
*Department Practical and Missional Theology, UFS*

Dr Daniël Andrew, Department Practical and Missional Theology, is a member of the Commission of Faith and Order of the World Council of Churches since 2024. He is also one of five members that represent the World Pentecostal Fellowship on the Commission, and the Africa region.

On the 24-28 October 2025 the Commission on Faith and Order (F&O) will hold its Sixth World Conference at the ancient St Bishoy Monastery at Wadi El Natrun near Alexandria, in Egypt with the theme Nicaea, *"Where now for Visible Unity?"*. The Coptic Orthodox Church will be the host, and the See of Alexandria is historically significant to early Christianity, especially with their earlier debates that led to the Council of Nicaea, now Iznik in Turkey. It will be the first conference in Africa, and a way of acknowledging that the "shift in the center of gravity" in Global Christianity is now the global South.

The Nicene Creed that was formulated in 325 A.D, originates from the Apostolic Creed that was first used as a baptismal formula by the first Christians, and celebrates being most the most confessed credal formulation after 1 700 years by of being confessed by most Christians from all over the world. Although, the final version of the Creed was accepted in 381 at Constantinople, that led to its description as the Nicene-Constantinopolitan Creed, the gathering called by Ceasar Constantine, the first Christian Emperor, to unite Christians in the Roman Empire, and to get a common confession among them. It was a first attempt to reach consensus in the church through an assembly that represent all Christendom and affirm their faith in the Triune God. It was a call to unity in a troubled, unequal and divided context. Today this relationship between church and state is interpreted in various ways, but more on that and other details from the creed relevant to our global and local (glocal) context is a story for another day. Our focus in this article is more on the celebration of this prestigious occasion, its meaning for our ecumenical relationships globally, and possible ways in which we can celebrate this together as an ecumenical church in South Africa.

**Read more »**

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**SEPTEMBER**

| | | |
|---|---|---|
| 21 | Ds George Deysel | WINBURG |
| 21 | Ds Hennie Hattingh | KOPPIES |
| 24 | Dr Christo Fourie | PETRUSBURG |
| 26 | Me Girly Seyoko | SINODALE KANTOOR |
| 27 | Ds Christo Weideman | KROONHEUWEL-NOORD |
| 29 | Ds Lé-Roy Wentink | RIEBEECKSTAD-ERFDEEL |

**OKTOBER**

| | | |
|---|---|---|
| 02 | Ds John Jackson | FRANKFORT |
| 03 | Ds Jannie Smith | DE BLOEM |
| 08 | Prof Laetus Lategan | BLOEMHEUWEL |
| 09 | Ds Frans Steenkamp | WARDEN |
| 11 | Ds Chris du Raan | PETRUS STEYN |
| 11 | Ds Etresia van Schalkwyk | MEMEL |



# Ekologie: Sorg vir Afrika

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

Ek het onlangs hierdie besondere boek, ***CARE FOR AFRICA: Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice***, raak gesien. Dis by Christelike Lektuurfonds/Christian Literature Fund (**CLF**) te koop wat die boek as volg beskryf:

'CARE FOR AFRICA: Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice' is a bold and essential contribution to the growing call for ecological justice, offering a powerful African response to the environmental crises threatening both people and planet.

Far from a static textbook, this volume unfolds as a dynamic conversation — what the editors call a "living chorus" — uniting theologians, pastors, activists, and storytellers in witness to the groaning of creation (Romans 8:22) and the urgent need for both faithful theology and practical action.

Rejecting imported Western paradigms, the book centres African land, spiritualities, and wisdom, grounding ecological theology in biblical insight, systematic reflection, and everyday experience. It reclaims human dominion as servant-hearted stewardship, affirms creation as God's sacred household, and insists that the cry of the Earth cannot be separated from the cry of the poor.

**Lees** meer »

**DAGBOEK**
**VAN DIE**
**ALGEMENE SEKRETARIS**

# Week van 19 September 2025: **Panoramabeeld**

Almal weet seker presies wat bedoel word met 'n panorama-foto – daardie wye beeld waar jy jou kop stadig van links na regs kan draai en ál die detail in een groot prent saamgevang word. 'n Panorama gee 'n uitsig wat herinner dat die wêreld groter is as wat 'n enkele blik bereik. Die kalender van aktiwiteite die afgelope twee weke in die kantoor van die Algemene Sinode, is só 'n panorama-foto: die veelkantigheid van die werksaamhede in kerkverband, en ek bevind my daagliks, saam met ander, midde-in daardie beweging.

**Lees** meer »


**kerkbode**

# Sê jou sê: (Hoe) bly jy op die hoogte en watter nuusbronne vertrou jy?




Kerkbode is besig met 'n navorsingsprojek rondom skuiwe met hoe en waar mense op hoogte met nuus bly, ook kerknuus. Ons wil by lesers hoor hoe hulle veral die betroubaarheid van die media beleef en watter tendense hulle in hulle eie mediagebruik waarneem. Ons hoop uit die terugvoer kry ons dieper insig hoe om nuuskommunikasie binne die kerk se kommunikasie-ekosisteem te verbeter. (Neem minder as 5 minute om te voltooi)

**Sê** jou sê »


ORD & orship
sources and Liturgical Material
Based on the Common Lectionary: Year A 2025 to Pentecost 2026
SPEC OFF
WORD & worship
Preaching Resources and Liturgical Material
atest Word & Worship 26) for R495 and
Pay only R200


ENIS MAAND VEILING
LUSIEWE GETEKENDE KOPIEË
DEUR WYLE AARTSBISKOP DES
sbiskop Desmond Tutu
d se kinders
erhale uit die Bybel
AFRIKAANS
SES TALE
Afrikaans, Engels, isiZulu, Sesotho en Setswa
Neem deel om 'n tydlose van geloof, geskieden Afrikaanse erfenis t


Leer, Speel en groei
SAAM IN GELOOF
My eerste speel-en-leer Bybel
In My eerste speel-en-leer-Bybel leer ken kleuters en kinders die 100 belangrikste verhale in die Ou en die Nuwe Testament en ontmoet 50 van die bekendste mense in die Bybel.
Hulle leer ken stories van Noag wat 'n ark gebou het, Dawid wat 'n groot reus verslaan het, Saggeus wat in 'n boom geklim het en Paulus wat ver gereis het om vir mense van Jesus te vertel.
By elke storie is daar 'n prettige aktiwiteit. Speel-speel leer ken kleuters en kinders die Bybel en ontdek hoe lief Jesus vir hulle is.
'n Bybel in 'n kind se hand is die fondasie vir 'n leeftyd saam met Jesus.
BM


Jou besigheid kan help om
DROME IN TE KLEUR
Ons daag julle uit om deel te wees van die Omgie Sivvie dag pret
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 55
BLOEMFONTEIN Courant
OFM


oin the quest for he world's largest ood drive.
Ford
Build Toge


ROJEK VAN HOOP 202
ASTE MAAND OM ARTJIES TE KOOP
Staan 'n ka 'n kar te
novus media
EVOLVE
RENAULT KWID CL
met a waarde van R
KWID
WWW.ENGO.CO.ZA


REE BIBLE APPS OR THE DEAF
nglish and Afrikaans
the Bible offline. Search for keywords and phrases. verses, add highlights, notes and bookmarks. references, footnotes and illustrations included. do not contain adverts. Available on the Google tore, Huawei AppGallery and Apple App Store.
The Bible for the Deaf
Die Bybel vir Dowes
GENESIS
God makes the world
Die Here sorg vir my


30% OFF
50% OFF
40% OFF
Heritage Sal
ave 25% to 50% ewide during eptember 2025
ONLY ON
www.bibleshop.co.z


Die Woord BINNE die Stil
Help die Bybelgenootskap om 400 Bybel aan die Dowe gemeenskap te skenk
GEE NOU

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## SENDING-KONFERENSIE 2025

20 September

2 VBO-punte

08:30 - 15:00
NG Gemeente
Pellissier, BFN

Program +
**Registreer** +




## LESING OOR INTERKULTURELE TEOLOGIE

25 September

VBO-punte

Aanlyn Zoom, 16:00
(KU Leuven)
Prof Dr Judith Gruber

Lees meer +
**Skakel in** +




## "DINK JOUSELF GELUKKIG"-AANBIEDING

30 Sept & 1 Okt

25 VBO-punte

Bloemfontein
Dr Pieter van
Jaarsveld (Outeur)

Lees meer +
**Registreer** +




## DORPE FLOREER PRAKTIESE WERKSWINKEL

11 Oktober

5 VBO-punte

09:00 - 16:00
NG Jacobsdal
Fauresmith-ring

Lees meer +
**Navrae** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## SPONTANE GETUIENIS - EVANGELISASIE

25 September

10 VBO-punte

GRATIS, 08:30
Aanlyn Webinaar
Dr Frikkie Coetzee

Lees meer +
**Registreer** +




## DISSIPELS MAAK DISSIPELS, LEWE IN JESUS CHRISTUS

1 Oktober

6 VBO-punte

R250 p/p,
NG Stellastraat
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +





## HOSPITAAL-VERHAAL, KLINIESE WIT

21 Oktober

5 VBO-punte

R350 p/p, 08:30
Fontainebleau
Gemeenskapskerk

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS IN PASTORALE SORG

2025 - 2026

55 VBO-punte

'Die pastor in krisis'
Twaalf modules
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Jaco Strydom gesels met Lizelle de Bruin, die mens agter die RSG-stem

*18 September 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Jaco Strydom*



Hulporganisasie wat (weer) meer as miljoen bereik vier veerkrag en groei

*18 September 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Badisa*



Lentekonferensie 2025 | Om te leer, om te bely – 'n Leergeleentheid in beeld

*17 September 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Le Roux Schoeman*



'N DEUGSAME VROU

In die media: Sterf doodsberigte uit?

*12 September 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*



Taakspan Ekologie: Hier kan jy dokkie oor die gevare van plastiek te siene kry

*9 September 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Fay van Eeden*



'My vrou was die eerste mens wat my aanvaar het net soos ek is' – Daantjie Dinamiet vertel van sy reis met outisme

*5 September 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store


Bybel-Media




**R260**

## Vat die regte pad – Jesus s'n


Te veel gelowiges voel skuldig omdat hulle nie voldoen aan ander se geestelike verwagtings nie. Of omdat hulle nie die standaard-resepte uitleef wat gedurig in die kerk uitgedeel word van hoe 'n "regte Christen" moet leef nie. Hulle is kerklik betrokke, maar voel moedeloos. Godsdienstige uitbranding is 'n paar van hulle se voorland. Tot vervelens beleef hul die Here is teleurgesteld met hulle. Hierdie boek is nie die groot antwoord op dissipelskap in drie maklike stappe nie. Jy gaan definitief nie hier tien beproefde resepte vir suksesvolle Christenwees, of so iets, raakloop nie. Maar dit wil wel saam met jou reis na 'n paar onontdekte skatte in die Here se skatkamers. Dit wil die "las" van gewone gelowiges soos ek en jy se skouer aflig om (buiten-)gewone lewens tot eer van die Heer te leef. Net dit.




**R220**

## Grenslose genade

Die boodskap van die Nuwe Testament is dat Jesus die straf vir die mens se sonde op Hom geneem en vryspraak verwerf het vir diegene wat in Hom glo. Hierdie geloof in die plaasvervangende lyding van Jesus laat vrae by baie mense ontstaan. Was die wrede dood van Jesus nodig? Waarom vergewe God nie onvoorwaardelik, sonder om 'n offer te eis nie? Is God die Vader beperk in sy vergewensgesindheid? Die geloof in hemel en hel wek angs en twyfel by vele – angs vir die hel en twyfel of hulle die hemel sal 'haal'. Kan 'n God van liefde, die God wat deur die Christelike Kerk verkondig word, so iets oor sy hart kry? Die skrywer het geen pretensie dat hy die finale antwoord op al hierdie vrae het of dat hy die ryke betekenis van die lewe, sterwe en opstanding van Jesus kan uitput nie, maar hy hoop van harte dat die gedagtes wat volg, tog lig sal bring vir mense wat met hierdie vrae worstel.




**R320**

## Daka

Die verdwyning van 'n doodgewone ou wat verskriklike dinge oorgekom het – en 'n nog erger ding aangevang het – en sy drome oor 'n eiland en 'n eienaardige waterwese … en 'n nuwe begin. Elke voortvlugtige is 'n ontdekkingsreisiger en elke reisiger 'n vlugteling, en Adam Richter was geen uitsondering nie. Daar was wraak by die dam en 'n storm op die see en smokkelaars en hippies en gewone tortelduiwe en enorme vlermuise, en later 'n hardkoppige rooikop – onder andere. Sy lewe was nie een lang, uitgerekte verhaal soos die van meeste ordentlike mense nie. Eerder 'n bondel erg teenstrydige stories, in chaos verweef. Van hulle was naïef en onskuldig. Van hulle wreed en donker en verskriklik en selfs boos …

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | Na 'n lang tyd het die kerkbestuur van die NG Gemeente Edenville besluit om **ds Deon Groenewald** van NG Gemeente Pietersburg-Noord te beroep as predikant.

**AANVAAR** | **Di Fredrick en Antoinette Wilson** van NG Lydenburg-Suid-gemeente het die beroep na NG Gemeente Bothaville-Noord aanvaar. Hulle is vanaf 1 November in diens en word op 2 November 2025 bevestig.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# 'n Woordeskat vir Erfenisdag

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente Heuwelkruin
*Ds Santel Malan*



**Foto:** *Ds Santel Malan (verskaf)*

*"... 'n erfenis van Goddelike liefde, genade en gehoorsaamheid ..."*

Op 24 September vier ons Erfenisdag, oftewel 'braaidag' soos dit in die volksmond bekend staan: 'n dag waarop Suid-Afrikaners oor ons erfenis, kulturele diversiteit en identiteit nadink. Vanjaar kyk ons met Efenisdag terug op 'n jaar waar ons veral taal as deel van ons erfenis gevier het: Afrikaans is 100 jaar oud en op 23 September is dit gebaretaal-dag, wat in 2024 deel geword het van ons land se lang lys van amptelike tale. Suid-Afrika kan immers daarmee spog dat ons die eerste land ter wêreld is wat die nasionale gebaretaal as amptelike landstaal erken het. Nie net het Suid-Afrikaners 12 amptelike landstale nie, maar ons het ook ons eie, unieke en gedeelde woordeskat, waarvan geen buitelanders kop of stert sal uitmaak sonder 'n verduideliking nie.

Woorde soos 'braai', 'ja-nee', 'jebo-yes', 'laduma', 'biltong' en 'aitsa', is maar enkele voorbeelde hiervan. Wanneer ons op 24 September weereens om die braaivleisvure vergader waar die reuk van boerewors, tjoppies en braaibroodjies met blatjang die lug vul, kom ons onthou ook ons geestelike erfenis.

Kolossense 3:15-16 gee ons 'n wonderlike perspektief op hoe ons as Christene ons Godgegewe erfenis daagliks kan uitleef. Vers 15 herinner ons daaraan dat Christus sy vrede aan ons skenk. Met ons land se lang geskiedenis van verdeeldheid en spanning, word ons as gelowiges geroep om vredemakers te wees. Ons word herinner daaraan om gelowiges te wees wat '*yebo-yes*' sê vir '*Ubuntu*'.

God het ons geroep om een liggaam te wees, wat beteken dat ons nie net ons Afrikaans-, Zoeloe- of Sotho-erfenis moet waardeer nie, maar ook die erfenis wat ons as gelowiges deel: die verlossing wat deur Christus Jesus bewerkstellig is vir almal wat in Hom glo. Dis 'n erfenis van genade, vergifnis, vrede en liefde. Wanneer ons as een liggaam funksioneer sê ons dus, *"Aikona!"*, vir ongeregtigheid, verdeeldheid en onvrede.

**Lees** meer »


ATKV-tak Gemeenskapsteater, in samewerking met PACOFS, bied aan:
Roep van die leeu
Gegrond op die lewe van CS Lewis.
Geskryf deur Maretha Maartens
Met Peter Taljaard, Neels Vorster
en Anneri Bosman
Koste:
R120 p.p.
(tot
1 September
slegs R100
p.p.)
Datum: 19 en 20 September 2025
Tyd: 19:00
Plek: André Huguenet-teater
Kaartjies is beskikbaar by die PACOFS-
kaartjiekantoor of aanlyn op Webtickets.
Kom geniet hierdie
produksie en
wees deel van die
lewendige viering
van geloofsgeïnspireerde
kuns!
ATKV
ATKV-tak
Gemeenskapsteater



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING